Remgro Beperk

(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienommer 1968/006415/06)
Aandelekode: REM ISIN: ZAE000026480
("Remgro")

Verslag oor verrigtinge by algemene jaarvergadering

By die algemene jaarvergadering van Remgro wat op Woensdag, 18 Augustus 2010 ("die vergadering") gehou is, is al die gewone en spesiale besluite wat tydens die vergadering voorgestel is deur die vereiste meerderheid stemme goedgekeur.

Dit sluit in, onder andere, gewone besluit nommer 14 met betrekking tot die ontbondeling van 30 215 000 Trans Hex Groep Beperk ("Trans Hex")-aandele sonder pariwaarde wat 28.49% van die totale uitgereikte aandelekapitaal van Trans Hex verteenwoordig aan Remgro se gewone aandeelhouers en "B" gewone aandeelhouers ("aandeelhouers") by wyse van 'n distribusie in die verhouding van 5.85 Trans Hex-aandele vir elke 100 Remgro gewone aandele of "B" gewone aandele ("Remgro-aandele") gehou deur aandeelhouers op die ontbondelingsrekorddatum, soos uiteengesit in die ontbondelingsomsendbrief wat op Maandag, 26 Julie 2010 aan aandeelhouers gepos is.

Met verwysing na die aankondigings wat op Maandag, 21 Junie 2010 en Maandag, 26 Julie 2010 op SENS vrygestel is, word aandeelhouers in kennis gestel dat die belangrike datums vir die ontbondeling onveranderd bly en hieronder uiteengesit word:

	2010
Laaste dag om te handel in Remgro-aandele ten einde deel te neem aan die ontbondeling op	Vrydag, 3 September
Remgro-aandele verhandel *"ex"* die geregtigdheid op Trans Hex-aandele ingevolge die ontbondeling op	Maandag, 6 September
Rekorddatum om aan die ontbondeling deel te neem op	Vrydag, 10 September
Ontbondelingsdatum op	Maandag, 13 September
Gedematerialiseerde aandeelhouers se rekeninge by hul CSDP of makelaar word met die Trans Hex-aandele wat hulle uit hoofde van die ontbondeling ontvang opgedateer op of ongeveer teen	Maandag, 13 September
Aandelesertifikate ten opsigte van die Trans Hex-aandele word per geregisteerde pos, op die risiko van die betrokke gesertifiseerde aandeelhouer, aan gesertifiseerde aandeelhouers gepos op of ongeveer teen	Maandag, 13 September
Aankondiging van gespesifiseerde verhouding ten opsigte van die toedeling van die koste/basiskoste van Trans Hex vir belasting/KWB-doeleindes word op SENS vrygestel op of ongeveer teen	Woensdag, 15 September

Aantekening:

Geen dematerialisering of rematerialisering van Remgro gewone aandele mag tussen Maandag, 6 September 2010, en Vrydag, 10 September 2010, beide dae ingesluit, plaasvind nie.

Die spesiale besluite sal mettertyd vir registrasie ingedien word by die "Companies and Intellectual Property Registration Office".

Stellenbosch
18 Augustus 2010

Aksepbank en borg vir Remgro

RAND MERCHANT BANK
A division of FirstRand Bank Limited

Prokureurs vir Remgro

DLA CLIFFE DEKKER HOFMEYR

Onafhanklike borg

Deloitte.
Deloitte & Touche Sponsor Services (Edms) Bpk
(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienommer 1996/000034/07)

Onafhanklike verslagdoenende rekenmeesters

PRICEWATERHOUSECOOPERS
PricewaterhouseCoopers Ing
Geoktrooieerde Rekenmeesters (SA)
Geregistreerde Rekenmeesters en Ouditeure
(Registrasienr. 1998/012055/21)

ince